



KIX INFO



www.kixkinders.co.za

KIX: Kinders in Christus

Wat is die KIX-droom/-visie?

Die Kix-droom is dat daar in elke gemeenskap 'n KIX-groep is, hetsy by die kerk, skool, crèche of nasorg, waarin elke kind Jesus kan ontmoet en saam die Bybel kan leer ken.

-Ons ontmoet die Here

-Ons sing

-Ons werskaf

-Ons ontmoet mekaar

-Ons bid

-Ons reik uit in ons dorp

-Ons speel

-Ons wandel in die Woord

-Ons reik uit na kinders ver en wyd

Wie is KIX? Waar kom KIX vandaan?

KIX was voorheen die Kinderkrans van die NG Kerk wat in 1914 gestig is om kinders bewus te maak van diensbaarheid en sendingwerk. In 2007 het die naam verander na KIX (Kinders in Christus). Ons werk ook nou saam met die VG Kerk se Kinderbond. Vanaf 2014 het leiers in die Kinderbond ook deel van KIX se Uitvoerende Komitee geword.

Kix is nou meer as net Kinderkransstakke. Die bediening is tans nie net in gemeentes nie, maar in skole, kleuterskole, nasorgsentrums, ens. Oral waar daar deure oopgaan om kinders te bedien, is daar gelowiges wat die geleentheid aangryp om kinders te begelei op hulle geloofsreis. KIX behou egter die primêre fokus van die ou Kinderkrans, naamlik om kinders Bybelstories te leer, hulle te help om op 'n prettige manier Jesus te leer ken, diensbaar te wees en 'n hart vir sending te ontwikkel.

Wie bestuur KIX?

KIX word bestuur deur 'n interkerklike Uitvoerende Komitee, maar funksioneer vanuit die Jeugkantoor van die Wes-Kaap Sinode van die NG Kerk. Die UK-lede is aktiewe kinderwerkers van die NGK en VGK. Die span het 'n kurrikulum in Afrikaans en Engels oor die afgelope paar jaar saamgestel. Dit word gratis op die internet beskikbaar gestel, want ons droom is dat dit vir alle gemeenskappe toeganklik is. Die gedrukte weergawe kan bestel word indien gemeentes nie toegang tot die internet of drukkers het nie.

Watter geloofsoortuigings beïnvloed KIX?

- God is klaar in die wêreld teenwoordig – ons vat Hom nie soontoe nie.
- God nooi ons om Hom die wêreld in te volg.
- Ons help kinders om die waarheid in die Bybelverhaal self te ontdek.
- Ons help kinders om te sien hoe God reeds in hul lewens aan die werk is.
- Ons glo dat kinders ook 'n verskil kan maak.

Vanuit hierdie vertrekpunt volg:

- Ons gebruik die term "ontmoeting" i.p.v. "les", omdat die klem nie kennis-oordrag is nie, maar eerder 'n belewenis.
- Ons wil kinders kreatief by die ontmoeting betrek en nie vir hulle preek nie. Elke ontmoeting is 'n geleentheid vir die kinders en vir ons om die Here te "hoor" en na mekaar te luister.
- Ons wil kinders die geloofsgewoonte leer om te "Wandel in die Woord". Die wonderstellings nooi kinders om self deel te word van die Bybelse verhaal.
- Die 4 W's (Welkom, Wyding, Woord en Werskaf) word as raamwerk aanvaar om ontmoetings te struktureer.
- Ons ontdek die waarde van rituele.
- Ons raak opgewonde oor die beginsels van die "Messy Church"-beweging.
- "Huis toe vat"-idees of handwerk items gee vir kinders 'n geleentheid om tuis die boodskap te deel.
- Ons maak ook gebruik van stiltes of stilword-rituele, musiek en gebed wat kinders die geleentheid gee om self die Here te ontmoet.

Hoe werk die kurrikulum?

Daar is 24 kwartaalboekies beskikbaar. Die eerste 12 boekies is 'n kronologiese oorsig oor die hoofverhale van die Bybel. Die daaropvolgende 12 bevat minder bekende verhale of reekse. Elke kwartaalboekie bevat 6 ontmoetings met volledige riglyne en hulpmiddels. Indien 4 boekies per jaar gebruik word, strek die kurrikulum oor 6 jaar.

*Reeks 1: God se storie met die mens –
Pentateug*

Skepping tot Toring

Abram tot Jakob se 12 Seuns

Josef tot die Woestyn

Geboorte tot Kanaän

*Reeks 2: God se storie met die mens –
Rigters en Profete*

Rigters tot Samuel

Saul tot Skeuring

Job tot Jesaja

Jeremia tot Nehemia

*Reeks 3: God se storie met die mens –
Nuwe Testament*

Die storie van Jesus

Kruisiging tot die Eerste Gemeente

Petrus en Paulus

Filippense tot Openbaring

*Reeks 4: Vreemde verhale in die
Bybel*

Vreemde Vroue

Prettige Profete

Snaakse Diere

Lawwe en Brawe Kinders

Reeks 5: Jesus se volgelinge, groot en klein

Die dissipels

Verhale van Petrus

Kinders van die Bybel

Nog Kinders van die Bybel

Reeks 6: Delf dieper met Jesus

Jesus se Naastes

Gelykenisse

Jesus se Woorde

Jesus se Wonderwerke

Hoe lyk 'n ontmoeting?

Ons gebruik die 4 W's as raamwerk vir ontmoetings: Welkom, Wyding, Woord en Werskaf.

WELKOM

Ons begin elke byeenkoms met dinge wat 'n kind sal laat **welkom** voel. Aksies, speletjies en liedjies help ook om van energie en spanning ontslae te raak en 'n atmosfeer te skep waar hulle voel "ek behoort". Dit bou positiewe verhoudings tussen volwassenes en kinders en tussen die kinders onderling. Hierdie positiewe omgewing en ervaring help kinders om God se teenwoordigheid makliker te beleef. Die "welkom" sluit sover moontlik aan by die Bybelverhaal van die dag.

WYDING

Tweedens wil ons 'n tyd van **wyding** skep waar die kinders op God se goedheid kan reageer deur sang, stilword-rituele en gebed. Die stilword-rituele word gebruik sodat kinders geleentheid kry om dit te leer ken en sodoende stilword kan inoefen. (Kinders hou van die veiligheid van rituele.) Wanneer ons bid, wil ons ook graag 'n geleentheid skep waar ons verskeie aspekte van gebed aanspreek. Kinders moenie die ervaring kry dat gebed net oor asseblief en dankie gaan en altyd dieselfde is nie.

WOORD

Derdens moet die **Woord** van God deur die Bybelverhale ontdek word. Hierdie gedeelte kan bestaan uit:

- Lees van die verhaal
- Vrae vir nadenke of bespreking
- Gebed of stilword
- Idees vir toepassing of voorbeelde
- Verhale ter illustrasie

Die Bybelverhale word kindervriendelik aangebied. Ons stel voor dat julle dit soms uit die Bybel self voorlees. Dikwels is die teks in eenvoudige verhaalvorm oorgeskryf vir die aanbieder. Jy kan jou voorbereiding in A5-formaat in jou Bybel plaas sodat die kinders healtyd bewus is daarvan dat dit 'n Bybelverhaal is. Lees slegs die verhaal. Moenie 'n boodskappie of lessie vir die kinders bring nie. Jy is daar om 'n omgewing te skep waar die kinders self die waarheid ontdek.

Om op 'n kinderlike manier te "Wandel in die Woord", maak ons gebruik van "wonderstellings". Wonderstellings help die kinders om hulself te verbeel hulle is deel van die verhaal en om die verhaal te ondersoek.

Voorbeelde van wonderstellings:

- Ek wonder wie sou jy in die verhaal wou wees.
- Ek wonder of daar 'n gedeelte van die verhaal is wat jy sou wou uitlaat sonder om die verhaal te verander.
- Ek wonder hoe jy dit sou gaan leef.
- Ek wonder waar sien jy dit in die wêreld. / Ek wonder waar sien jy so iets in die wêreld.
- Vertel 'n storie waar jy gesien het dat... (Verwys na die storie.)
- Vertel 'n storie waar jy of iemand anders... (Verwys na die storie.)

Net iets oor die stellings:

Dit is belangrik dat die stellings in die volgorde gebruik word soos dit gegee word. Dit help die kind om dieper in die verhaal in te gaan. Wees eg en wonder saam met die kinders daarvoor. Moenie antwoorde gee nie. Skep eerder die ruimte om saam met die kinders te ontdek wat God vir hulle in gedagte het. Gee vir hulle tyd om te dink voor hulle antwoord. Hulle is nie gewoon daaraan dat hulle 'n opinie gegun word as dit by die Bybel kom nie. Help die kinders om die verhaal hul eie te maak. In 'n groot groep kan die stellings net rustig gestel word. Die kinders dink dan daarvoor na. As daar geleentheid is vir kleingroepe, kan hulle dit bespreek.

WERSKAF

Werskaftyd skep die geleentheid:

- om God op 'n ander manier te ontmoet
- om die boodskap of waarheid te bevestig en vas te knoop
- om artikels te maak wat die kinders huis toe kan neem as herinnering en getuienis

Daar is 'n altyd 'n paar handwerkaktiwiteite ("crafts") om van te kies. Die materiaal sluit aktiwiteite vir jonger en ouer kinders in. Sommige aktiwiteite behels meer voorbereiding of hulpmiddels as ander. Die aanbieder kan opsies uitsit vir die kinders om van te kies, of op 'n ouderdoms- en konteksgepaste aktiwiteit besluit.

Watter aanbiedingsmetodes gebruik KIX?

Tydens die "Woord" gedeelte van die ontmoeting kan die Bybelverhaal op kreatiewe maniere aangebied word. KIX gebruik graag die volgende metodes: sandbokse, besempoppe, vilt- en magneetborde, vertellings, toneeltjies en poppekas.

Besempoppe:

Om besems, verestoffers of 'n mop te gebruik om Bybelstories op te voer, is een van die effektiefste maniere om die hele gehoor te betrek. Die deelnemers hoef nie vooraf te oefen nie. Die gehoor word deel van die opvoering deur die agtergrondklanke te verskaf. Hulle reageer deur die regte bewegings en klanke te maak. Die teks bevat sleutelwoorde waarvoor die deelnemers en gehoor moet oplet. Hulle reageer dan daarop met klankeffekte. Daarom word almal (verteller, besempop-hanteerders en die gehoor) aktiewe deelnemers in die verhaal. As 'n mens eers die basiese besems/moppe/verestoffers het, kan die karakters maklik verander word deur bv. die kleredrag te vervang.



Vilt- en magneetborde:

Om viltborde te gebruik, is 'n maklike manier om kinders aktief by 'n Bybelstorie te betrek. Viltborde kan maklik self gemaak word.

Indien 'n stewige karton met vilt oorgetrek word, kan 'n staander gebruik word om dit regop in neer te sit. Terwyl die storie vertel word, kan die bord regop gehou word sodat almal dit kan sien. Wanneer die kinders agterna die storie self uitspeel, kan die bord plat neergesit word. Die figure is dan minder geneig om af te val en dan kan die kinders makliker daarmee speel.

Figure om te gebruik op borde:

'n Mens kry soms viltfigure te koop. Andersins is daar baie maniere waarop jy jou eie kan maak.

Kopieer prente op karton en kleur dit in of druk gekleurde prente op karton uit. Daarna kan dit gelamineer word om langer te hou, maar dis nie noodsaaklik nie.

Daar is 'n keuse oor die manier waarop jy die figure op die flenniebord wil laat vassit:

- Plak 'n stukkie vilt agterop die figuur wat effens kleiner as die figuur is;



- Plak “double-sided tape” agterop vas;
- Plak stukkies “velcro” (die vasgryp-kant) agterop die figure vas

Eksperimenteer en besluit wat vir jou die beste gaan werk. As jy “double-sided tape” gebruik, sorg vir stewige plastiek waarop jy dit kan vasplak wanneer die figure nie op die flenniebord is nie, anders plak die prente aan mekaar vas.

’n Moderne weergawe is ’n koekieplaat – plak vir elke prentjie ’n stukkie magneet agterop vas. Indien jy ’n groot groep kinders het, is dit belangrik om ’n paar stelle viltborde te maak, sodat dit in groepe gebruik kan word en almal kan sien.

Sandbokse:

Moenie die waarde van ’n eenvoudige sandboks onderskat nie. ’n Hele Bybelverhaal kan met die sandboks en figure vertel word. Die kinders kan self na die tyd weer die hele verhaal “uitspeel”.

Gebruik ’n groot, plat kartonboks of ’n groot plastiekhouer vir katsand en maak dit vol sagte see- of bousand of selfs braai-mieliepap. Of gooi ’n laken of ander stuk lap oor ’n tafel, gooi sand daarop uit en speel die storie daarop af



of speel net so op die lap. Sorg dan dat jou figuurtjies maklik kan staan. Geboue in die Bybelse tyd was eenvoudig met reguit lyne en plat dakke. Gebruik boksies wat jy met papier oortrek of kopieer die geboue wat voorsien word saam met party ontmoetings op karton, knip uit en plak vas met wondergom (tydelik) of kouelym (permanent).

Figure om in sandbokse te gebruik:

Kopieer Bybelfigure, plak dit op karton en kleur dit in of druk gekleurde prente op karton. Knip dit uit en plak op roomysstokkies sodat hulle in die sand kan staan. Of gebruik leë toiletrolletjies om die Bybelse karakters te laat staan in die sand. Nog ’n alternatief is om karakters uit pypskoonmakers en lap te maak.

Indien jy ’n groot groep kinders het, is dit belangrik om ’n paar sandbokse te maak, sodat dit in groepe gebruik kan word en almal kan sien.

’n Handleiding met heelwat meer inligting oor besempoppe, viltborde en sandbokse kan van ons webtuiste afgelaai word: www.kixkinders.co.za

Wie is die skrywers van die materiaal?

Anriëtte de Ridder: Predikant in Sinodale Diens by die Jeugkantoor

Redaksiewerk: Pauline Matthee, Luané McLachlan, Maryke Fourie

Skrywers: Sulet Brümmer, Dewald du Toit, Annatjie Enslin, Antoinette Erasmus, Erika Esterhuizen, Elana Kellerman, Minette Krog, Santie Nel, Frieda Oncker, Joanie Pretorius, Annelet Slazus, Etienne Snyman, Marileen Steyn, Colleen van Eeden en ander medewerkers en vertalers soos nodig.

Wie is die teikenmark van KIX?

Die materiaal is geskik vir die bediening van voorskoolse en laerskoolkinders (tot ongeveer 12 jaar).

Wie, waar en hoe kan 'n KIX-groep gestig word?

Enige persoon wat Jesus en kinders liefhet kan met 'n KIX-groep begin. Kry ondersteuning by jou plaaslike gemeente / leraar / skool, sowel as vrywilligers indien jy 'n groot groep wil begin. 'n KIX-groep kan plaasvind by 'n laerskool, nasorg, crèche, dagsorg, kerk (middae), kategese (Sondae), ens. Die lengte van 'n Kix-byeenkoms kan aangepas word vanaf 30 minute tot 2 ure afhangende van die konteks. Een uur is 'n gemiddelde tydsduur.

Hoe lyk 'n KIX-groep?

Dit kan 'n groepleier van 5-10 kinders wees wat saam met 'n leier bymekaar kom tot selfs 'n groep van 300 kinders. 'n Grootgroep byeenkoms sal begin met 'n aanbieder wat die "welkom" en "woord" van voor af aanbied. Daarna sal die groep in kleiner groepe verdeel, elk met 'n leier. Die groepleiers sal verantwoordelik wees vir die besprekings, toepassing, handwerkaktiwiteit en gebed in die kleiner groepleiers. Groepleiers kan ook uit tieners bestaan wat goed begelei word.

Hoe werk die leierskap van 'n KIX-groep?

Daar kan 'n organiseerder wees wat seker maak die administrasie, logistiek, finansies, voorbereiding, ens. is in plek. Die persoon kan ook verantwoordelik wees vir die welstand van die groepleiers. Die aanbieder is die persoon wat die ontmoeting van voor af fasiliteer vir die groot groep. Dit kan 'n ander persoon wees, of dieselfde persoon wees as die organiseerder. Kleingroepleiers sou ook om die beurt hierdie rol kon vervul. Kleingroepleiers is verantwoordelik vir 'n klein groep kinders (verdeel volgens ouderdom) en moet met hulle verhoudings bou en die kleingroep gedeelte op 'n ouderdomsgepaste manier fasiliteer.

Hoe kan KIX-materiaal nog gebruik word?

KIX-materiaal bied baie idees vir kindermomente in eredienste, saalopeninge, asook vir gesinne of omgegroepe wat geestelike aktiwiteite met hul kinders wil doen. Die materiaal kan ook aangepas word vir kampe of kategese.

Hoe word ek deel van die KIX-familie?

- Registreer aanlyn by www.kixkinders.co.za om materiaal af te laai en die gratis nuusbrieff te ontvang of kontak die Jeugkantoor.
- Volg die Facebook-bladsy: Kix Kinderbediening
- Neem foto's van jou Kix-groep se aktiwiteite en deel jou getuienisse met ons.
- Raak 'n mentor vir die leiers van 'n nuwe Kix-groep.

Wat behels die nuusbrieff?

- Kix-pirasie met 'n inspirerende boodskap wat die leier met die ander groepleiers kan deel
- Inligting en ontmoetings oor die jaarlikse sendingprojek waarvoor Kix-groepe vrywillig geld kan insamel
- Spesiale ontmoetings vir spesifieke dae (bv. Moedersdag, lentedag)
- Wenke vir leiers
- Nuus van ander Kix-groepe

Wat behels die jaarlikse sendingprojek?

Elke jaar stel die KIX-UK 'n projek voor in samewerking met die Kantoor vir Getuienisaksie. Die afgelope jare kon ons die volgende sendingprojekte dwarsoor die wêreld ondersteun met gebed en finansies:

2009 Meters vir Malingunde Kleuters	2010 Malingunde Maats
2011 KIX Kusamala (Mosambiek)	2012 Note vir Nigerië
2013 Veters projek (Nigerië)	2014 "Vertel! Vertel!" (Makhathini en Msinga)
2015 Zim ABC wat die Woord gee	2016 Otjiekos Projek (MES Aksie)
2017 KIX Koester Kinders (Malawi kleuterskole)	2018 Jesus vir Japan
2019 KIX na Kenia	2020 SmartKIX (SmartStart VKO-projek)

Die sendingprojek stel die kinders bekend aan 'n nuwe land en taal, die omstandighede en die geskiedenis van die kerk in daardie land. Indien dit 'n plaaslike projek is, stel dit kinders bloot aan die nood in die gemeenskap.

In die nuusbrieff word projeklesse en ander praktiese idees gedeel asook idees vir insamelingsmetodes.

Wat is die koste? Hoe werk die finansies?

Dit is gratis om 'n Kix-groep te begin. Daar is geen ledegeld nie. Die materiaal kan ook gratis van die webtuiste afgelaai word. Dit is in Afrikaans sowel as Engels beskikbaar. As jy aanlyn registreer, kry jy ook kwartaaliks 'n e-pos met 'n nuusbrieff. Gemeentes of persone wat nie toegang tot die internet en 'n drukker het nie, kan die boekies in gedrukte weergawes by die Jeugkantoor bestel. Elke boekie bevat 6 ontmoetings.

Vrywillige donasies kan gegee word vir die ontwikkelingskoste van die materiaal.

Die geld wat KIX-groepe vrywillig vir die jaarlikse sendingprojek insamel, word aan die Jeugkantoor betaal en volledig aan die projek oorhandig.

Waarheen kan ons inbetaal?

Naam: JEUG Bank: Nedbank Rek no: 1135 900 264 Takkode: 123 209

Algemene navrae oor KIX:

Maryke Fourie (Jeugkantoor) 021 808 9050

jeug@kaapkerk.co.za

Jeugkantoor, Posbus 3322, Matieland, 7602